# Praat

## Week 6

# Hebsug & Begeerte



## Inhoud

Agtergrond .................................... 1
Opname – Oriëntasie .................... 2
Ontmoet die karakter........................2
Ondersoek – Disoriëntasie .............. 2
Ek Praat .............................................3
Behandeling – Heroriëntasie ..........3
'n Paar praktiese idees… .................3

## Agtergrond

**Spreuke 30:15–16**:

*Die bloedsuier het twee dogters, hulle is "Gee!" en "Gee!" Daar is drie, nee, vier wat nooit genoeg kry nie, wat nooit sê: "Genoeg!" nie: die doderyk, die onvervulde begeerte om moeder te word, grond wat nie deurnat is nie en 'n vuur wat nooit "Genoeg!" sê nie.*

As die Spreuke-skrywer in ons kapitalistiese wêreld gelewe het, sou hy dalk 'n vyfde saak bygevoeg het… naamlik die mens se begeerte om meer te besit en te verbruik. Dit wil voorkom asof ons net nie genoeg kan kry nie, soveel so dat ons die wêreld se bestaan in gevaar begin stel, omdat ons te veel hulpbronne gebruik en te veel gemors produseer. Ons lewe in 'n kapitalistiese gedrewe wêreld wat altyd opsoek is na nog. Dit is hoe hierdie ekonomiese stelsel oorleef, een wat vra dat mense meer en meer moet verbruik en dus meer en meer moet hê. Dit is belangrik om aan die begin van ons gesprek te stel dat om te verbruik nie verkeerd is nie, ons moet tog kos en water verbruik om te kan lewe. Klere, woonplekke en voertuie is noodsaaklikhede vir oorlewing. Dit is egter wanneer iets wat goed is, verander word in 'n absolute goed, wat die probleem intree. Dan verander verbruik in verbruikerisme. **Steve Wilkens en Mark Sanford** verwoord die gevaar van verbruikerisme soos volg:

*"While Scripture and everyday experience make it clear that we must consume things as a means of preserving and enhancing our lives, there is always the danger that responsible consumption will degenerate into consumerism … Consumerism is a worldview that starts with something that is a relative good - consumption - and makes it an absolute good. Consumerism absolutizes consumption by believing that we*

# Praat

*can find fulfilment by accumulating wealth and everything that comes with it."*

Jakobus het ook die vraag gevra:

*"Waar kom die stryd vandaan, waar kom die rusies onder julle vandaan? Kom dit nie van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie? Julie wil dinge hê, maar kry dit nie en wil dan moord pleeg; julle is jaloers op 'n ander man se goed en kan dit nie in die hande kry nie en dan maak julle rusie en baklei julle."*
*– Jakobus 4:1-2.*

Ons moet vra wat lê **onder die oppervlak** van ons begeertes en hebsug? Kan dit wees dat ons **eiewaarde** gekoppel word aan dit wat ons besit? Kan dit wees dat ons **ontevrede en verveeld** is met ons lewensbestaan en dus maar afleiding moet koop om die sinneloosheid van ons lewens te verbloem? **Pete Scazzero** skryf dat:

*"Our culture measures our success by what we own. Marketers now spend more than fifteen billion dollars each year seducing children and adolescents to believe they have to have certain toys, clothes, iPods, CD's etc. Their very identities depend on it."*

Ons besittings kan 'n verlengstuk word van ons identiteit en hoe mense na ons kyk of oor ons dink.

In die lig van die aanhalings en verwysings hierbo:

- Wat dink jy tans oor verbruikerisme, hebsug en begeertes?
- Wat is die goedere wat jy tans begeer? Hoekom dink jy sou jy so antwoord?
- Hoe sou jy "greed" (hebsug) definieer?

## Opname – Oriëntasie

### Ontmoet die karakter

**Lees Handelinge 5:1-2.**

**Ananias** en **Saffira** is 'n paartjie wat aan die begin van Handelinge as deel van die nuwe Christelike geloofsgemeenskap aan ons bekend gestel word. Met al die opgewondenheid en energie wat daar in die gemeenskap is, het 'n klomp mense dit wat hulle gehad het, verkoop om die geld te deel sodat almal genoeg gehad en nie gebrek gely het nie. Hulle het gesien hoe ander mense hulle eiendom verkoop het en hulle het besluit om dit ook te doen… maar hierdie was nie die volle storie nie.

## Ondersoek – Disoriëntasie

*" ...daar was ook 'n sekere man, Ananias en sy vrou Saffira, wat 'n eiendom verkoop het. Met die medewete van sy vrou het hy van die verkoopprys vir hulleself agtergehou en net 'n gedeelte daarvan gebring en vir die apostels gegee."*
*– Handelinge 5:1- 2.*

Hierdie mense was deel van die geloofsgemeenskap en het gemaak soos ander persone en hulle eiendom verkoop en die geld beskikbaar gemaak, maar hulle het gelieg oor die verkoopprys. Hulle het gelieg oor die prys wat hulle vir die eiendom ontvang het en het net 'n gedeelte vir die Apostels gegee. Maar hoekom? Petrus vra ook hierdie vraag:

*"Die grond was mos joune en toe dit verkoop is,*

# Praat

*kon jy met die geld gemaak het wat jy wou. Wat het jou besiel om dit te doen?"*

- As Ananias kans gehad het om te antwoord, wat dink jy sou hy geantwoord het?
- Hoekom dink jy het ons juis hierdie verhaal gebruik in 'n gesprek oor hebsug en begeerte?

### Ek Praat

- Hoe eerlik is jy met jouself oor jou eie begeertes?
- Hoe laat hierdie verhaal jou voel?
- Wat leer jy van jouself deur hierdie verhaal?

## Behandeling – Heroriëntasie

Die eerste tree om hierdie **gevaarlike "spirituele siekte" te behandel** is om eerlik te wees oor ons eie begeertes. Die vraag wat ons elkeen vir onsself meet kan vra is: **Hoekom wil ek hierdie ding besit of hierdie ervaring hê of by hierdie saak betrokke raak?** Wat is die rede vir my begeerte? Ons kan lewe vanuit die besef dat ek meer is as wat ek besit, as wat ek doen en wat ander mense van my dink.

**My waarde lê daarin** dat ek na die beeld van God geskep is. Wanneer ons dan verstaan na Wie se beeld ons geskep is en ons verstaan dat God die een is wat voorsien en vir ons dit gee wat ons nodig het om van te lewe, kan ons dalk lewe met opoffering en eerder fokus op die sorg van ander. **Daniel Louw** skryf:

*"In order to transcend greed by care, one needs the ethos of humility. In a theological ethics we are guided by the principle of sacrificial ethics and not of unlimited exploitation and consumerism."*

Deur **opoffering** en **barmhartigheid**, deur **vrygewigheid** kan ons hierdie gevaar in ons lewens teenwerk. 'n Goeie plek om te begin is om 'n tiende te gee as 'n vorm van aanbidding. Om vir God dankie te sê vir dit wat ons besit en te erken dat Hy voorsien wat ons nodig het. Onthou die verhaal van Ananias en Saffira! **Gee wat jy wil en wees eerlik oor hoekom en wat jy gee.**

### 'n Paar praktiese idees...

- **Maak jou hande vuil**... met grand. Plant iets in die tuin of in potte waarvoor jy moet sorg en kan gebruik om kos te maak, kruie of groente. Probeer om die inspanning wat dit verg om kos te groei, te verstaan en om met dankbaarheid daarna te kyk.
- M**aak jou klerekas leeg** van dit wat jy nie gebruik nie. Moet nie meer items koop as wat jy kan gebruik nie. Besluit hoeveel jy nodig het en vervang net dit wat verslete is, of nie meer pas nie.
- **Maak 'n lys** van alles wat jy dink **noodsaaklikhede** is en wat jy sien as net **dinge wat jy begeer**. Vergelyk die lyste en dink oor hoe jy jou begeertes kan verminder om meer by die noodsaaklikhede van die lewe in te pas.

# Notas